

Redaksie

Ds. E. Viljoen, Bellville
emyn04@gmail.com
Ds. J. van der Linden, Johannesburg
jopie1976@gmail.com

April 2011 **Nommer 104**

INHOUDS OPGAWE

**Wat verander as ons
bid? ...1**

**Liefde is gehoorsaam-
heid ...3**

**God se wil en ons wil
...4**

WAT VERANDER AS ONS BID?

HJ Messelink

“Gebed verander alles”.

Dit is ’n mooi uitspraak wat ek êrens op ’n bord gelees het. Maar is dit werklik waar? Watter verskil maak my gebed nou presies? Ons sê dat God ons gebede verhoor, maar hoe beleef jy dit? Maak my gebed rêrig ’n verskil? Word jy werklik genees van die siekte, omdat jy daarvoor gebid het? Of is dit die medisyne wat maar net hulle werk doen – ook al sou jy nie vir genesing bid nie?

Daarby kan ’n mens ook vir jouself die vraag vra: “Wat beteken gebed vir my?”

Indien jy versuim om te bid, voel dit nie rêrig anders nie. Partykeer voel dit ook of die woorde van jou gebed vasslaan teen die plafon van jou slaapkamer, of hulle kom terug soos ’n boemerang.

Wat verander as ons bid?

Wat sê God oor gebed?

Ek wil graag die aandag vestig op bogenoemde vrae. Maar dit is belangrik om te weet dat ons nie by ons gevoel moet begin nie, want dan sal ’n mens nie ’n verskil agterkom voor en na ’n gebed nie. Jy kan by bid, dat die Heilige Gees in jou hart kom bly. In God se Woord staan geskrywe, dat jy daarvan oortuig mag wees dat God so ’n opregte gebed altyd sal verhoor (Lukas 11:13). Tog kan dit vir jou voel of daar niks verander het na jou gebed nie. Omdat ek nie noodwendig iets voel nie, het God daarom nie die gebed verhoor nie?

Het God dalk belowe: “As jy bid vir die Heilige Gees, sal jy ’n baie snaakse gevoel in jou binneste beleef?” Nee, jy mag glo dat die Heilige Gees in jou hart teenwoordig is, want God sê so!

Ons moet glo wat God belowe en dat Hy ons toerus met die vrug van die Gees: liefde, blydschap, vriendelikheid, geduld ens.

God speel nie ’n speletjie met ons nie. Die probleem lê by ons en nie by God nie. Ons vertrou Hom nie genoeg nie.

Die bidder verander

Wat verander as ons bid? Ek sou eerder wou vra: “Wie verander deur gebed?” Ons kan so aandag vra vir die *gebed*, dat ons van die *bidder* vergeet.

’n Bidder kyk met ander oë na die wêreld, omdat hy in kontak is met die hemel. Sy hele lewe lê hy oop en bloot voor die God met Wie hy in ’n verhouding staan. Sy hele lewe lê hy in die hand van sy God. En eintlik het die belangrikste van die gebed dan alreeds plaasgevind...

Kom ons kyk na Dawid in 2 Sam 12.

As gevolg van sy sondes het Dawid, na ’n tydperk van geestelike agteruitgang, weer tot God begin bid. Die seuntjie wat gebore is uit die owerspel met Batseba, het ernstig siek geword en Dawid bid vir sy redding. In vers 16 staan geskrywe: “*En Dawid het die aangesig van God gesoek vir die kind.*” Hy vra nie maar net die heelyd dat die kind tog mag bly lewe nie. Nee, Dawid nader tot God. Wanneer die seuntjie dan tog sterf en Dawid se gebed nie verhoor word nie, het hy nie alles verloor nie. Al biddende het hy God weer gevind – daardie God van Wie hy meer as ’n jaar vervreem was. Deur sy gebed het dit sigbaar geword dat *Dawid* verander het. Die verhouding tussen God en Dawid is herstel. Dawid is vertroos en glo weer opreg. Dit is dus belangrik om te weet dat die bidder verander, want hy/sy wat bid is tuis by God. Wat kan ’n mens nog meer begeer?

Groot gebedsverhoring

Hiermee het ons natuurlik nie alles gesê nie. Ons mag verseker weet dat ons gebed ook ’n uitwerking het. God het besluit om in die uitvoering van Sy raadsplan ook van ons gebede gebruik te maak. Jakobus skryf: “*Die gebed van ’n gelowige het ’n kragtige uitwerking...*” (Jakobus 5:16). Hy gebruik Elia as voorbeeld. Elia was ’n mens soos ek en jy, ’n doodgewone mens, nie ’n super-gelowige nie. Elia het ernstig gebid en God het sy gebed verhoor. Drie en half jaar ’n versengende droogte, gevolg deur reën wat God gegee het. Sulke groot gevolge het sy eenvoudige gebed gehad. God het krag aan sy gebed verleen.

Let wel: ons praat egter wel hier van die gebed van ’n regverdige. Dit is ’n gelowige wat in ’n goeie verhouding tot God staan. In dieselfde brief wys Jakobus ons ook op die teenoorgestelde (Jak 4:3). “*As julle bid, ontvang julle nie, omdat julle verkeerd bid: julle wil net julle selfsugtige begeertes bevredig.*”

Maar as ons in ’n goeie verhouding tot God staan, en dan bid, dan is daar baie gebedsverhoring. Partykeer sien ons dit egter nie raak nie, en dan word gebedsverhoring vir ons ’n probleem. Indien God nie ons gebed verhoor soos ons dit wil nie, raak dit vir ons ’n probleem om aan te hou bid of om te volhard in ons gebedslewe.

Maar dan is ons besig om ’n paar dinge te vergeet. Allereers dat ander dele van ons gebed wel verhoring ontvang het. Ons bid vir gesondheid, krag om te kan werk, bewaring, vergewing ens. Indien ons elke keer onthou om te dank vir alles wat God vir ons gee, sal ons ook baie meer bewus wees van gebedsverhoring.

Omdat ek nie noodwendig iets voel nie, het God daarom nie die gebed verhoor nie?

Verder moet ons goeie onderskeid tref as dit kom by gebedsverhoring. Nêrens in die Bybel belowe God ’n algemene gebedsverhoring nie. Hy vervul nie al ons wense nie, want ons weet nie altyd wat goed is vir ons nie.

Wat ons werk nodig het, is God se genade, vergewing en die Heilige Gees. In antwoord op ons gebede gee God verseker hierdie gawes. Daaraan hoef ons nooit te twyfel nie.

Daar is baie meer gebedsverhoring as wat ons ooit besef. Maar ons kan soos bederfde kindertjies word, en dit nie meer besef of daarby stilstaan nie.

God verhoor op Sy manier

Ek wil graag terugkom by die punt dat ons nie altyd weet wat goed is vir ons nie. Wanneer ons siek is, bid ons vir genesing. Maar is dit altyd iets wat ons lewe verbeter? Watter effek het dit op die langtermyn? Dit is God alleen wat dit weet, en daarom is dit goed dat God nie altyd gee wat ons vra

’n Skriftuurlike skuldgevoel is nie voorwaarde om genade te ontvang nie, maar is vrug van die genade wat ons ontvang het

nie. Wat ons wel mag weet is: Hy doen altyd wat die Heilige Gees, wat in ons woon, vra (Romeine 8:26). Hier in Romeine staan dat ons nie self altyd weet wat ons behoort te bid nie, maar dat die Gees self vir ons pleit. Hy bid volgens die wil van God. God hoor vanuit ons lewe nie net ons gebede nie, maar ook die stem van die Heilige Gees wat in ons woon. Die Heilige Gees weet presies wat ons nodig het. Romeine 8 gaan verder (en hierdie verband is baie belangrik): “*Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk, vir dié wat Hom liefhet.....*”

God lei ons lewe baie noukeurig in oorstemming met die gebed van die Heilige Gees, vanuit ons hart. Hoe wonderlik!

As ons stamelend bid en nie beseft wat ons rêrig nodig het nie, hoef ons nie bekommerd te wees nie, want deur die kontak van ons Vader in die hemel met die Gees in ons hart, sal alles regkom. Daarom is die opskrif bo hierdie perikoop: “God verhoor op Sy manier”.

Hy verhoor inderdaad op Sy manier, sodat alles in ons lewe moet saamwerk sodat ons volhard en die eindstreep haal. Dít is gebedsverhoring!

Nie elke gebed word nie verhoor nie

Die Bybel is ook baie duidelik oor die feit dat nie elke gebed verhoor word nie. Die voorbeeld van Dawid het ons al bespreek. Ook Paulus het driemaal gebid dat God hom sou bevry van die doring in sy vlees. God se antwoord was ’n duidelike “Nee”. En weereens, nou kan ons maklik hiervan ’n probleem maak. Want hoekom tree God so op?

Eintlik begin ons dan sommer al verkeerd. Die feit dat God soms nie gebede verhoor nie, beteken juis dat Hy baie ernstig besig is met ons gebede. Elke gebed word bo in die hemel ernstig oorweeg!

Ons dink altyd in terme van ’n ja of ’n nee antwoord, terwyl God met ons op weg is. En op dié pad bepaal God stap vir stap wat goed is vir ons. Ook as God soms “nee” antwoord op ons gebede, dan is dit juis omdat Hy ons nie wil verloor nie. Niks mag ons immers skei van die liefde van God nie!

Soms verhoor God ons gebede eers na ’n tydjie. Daarvoor kan twee redes wees: Eerstens kan Hy

kwaad wees vir jou. Dit is altyd goed om ons lewe te ondersoek: Is daar iets verkeerd tussen God en my? (dink aan Dawid). Tweedens, dit kan ook wees dat God jou op die proef stel (Luk18:1-8): Volhard jy in gebed, ook al moet jy ’n tydjie wag vir God se antwoord?

Dus: Nie elke gebed word (dadelik) verhoor nie - en dit is goed so! Anders sou ons dit ook nie meer ’n gebed kon noem nie, maar moet ons eerder praat van ’n bestelling wat ingelewer word.

Om te bid beteken dat jy in vertrouwe jou hele lewe in jou Vader se hande lê, en dat Hy die pad sal oopmaak waarlangs jou voet kan gaan. Dit is wat ons in die geloof mag sê.

En wie dit glo, sal dit ook so ervaar!

LIEFDE IS GEHOORSAAM-HEID

D Vreugdenhil

‘Want dit is die liefde tot God, dat ons sy geboorte bewaar...’

(1 Johannes 5:3a)

Soos wat daar al baie vreemde uitsprake gemaak is oor die liefde van God vir die mens, net so is daar ook al baie vreemde uitsprake gemaak oor die liefde van die mens vir God. Dit gebeur gereeld dat verkeerde lewenswyses en sondige keuses van mense in die wêreld goedgepraat word met die goedkoop woorde: ‘*Solank as wat jy lief is vir die Here Jesus*’.

Hierdeur word die verantwoordelikheid van die mens weggeneem in alles wat hy doen, sê of dink. Eintlik kry die mens hiermee toestemming om te doen net wat hy wil op watter gebied ook al. Wat maak dit saak of jy nou trou met ’n ongelowige? *Solank as wat jy maar net lief is vir die Here Jesus*. Wat maak dit saak aan watter kerk jy behoort of op watter manier jy jou doopbelofte nakom, watter boek jy lees of watter program jy op TV kyk, watter cd jy koop vir jou versameling? *Solank as wat jy*

Die gewone lewe het vir ons heerlik geword omdat die heerlikheid van die HERE daarin is en daaruit straal

- JH Gunning

maar net lief is vir die Here Jesus.

Alles gaan tog uiteindelik hieroor? Ja, inderdaad gaan alles daaroor!

Maar nou moet ons luister wat Johannes skryf. Gelowig en wys in sy ouderdom, skryf hy aan die gemeentes daardie dinge wat aan hom geopenbaar is. Hy skryf oor ons liefde vir die Here. Hy gebruik dieselfde woorde wat ons ook in die tweede gebod van die wet van die Here lees. In daardie wet word die liefde tot God ook verbind met die onderhouding van die gebooië.

Johannes skryf: dit is die liefde tot God – daardie liefde wat vrug is van God se liefde vir ons! - dat ons sy gebooië bewaar. Liefde word gekoppel aan gehoorsaamheid. Liefde en gebod vind hul grootsheid en voortreflikheid in die feit dat hulle aan mekaar verbind is. God se gebooië is ruim en wyd. Hulle omsluit die hele lewe, ons lewenswandel en lewenspraktyk.

Liefde gee nooit toestemming om maar net te maak wat jy wil nie. Liefde vereis dat ons ernstig besig is met God se voorskrifte. Dan sal ons by alles wat ons doen, by elk besluit wat ons neem, onself afvra: Wat vra die Here van my? Wat sê die Bybel? Vir die Here is niks onbelangrik nie.

Moenie jouself wysmaak dat liefde vir die Here niks met die gebooië te doen het nie. Wees net wys in die waarheid van die Heilige Skrif en bedink dat liefde tot die Here gehoorsaamheid aan die Here is. Laat ons dit dan ook doen met 'n gees van blymoedigheid!

GOD SE WIL EN ONS WIL

P.R. Baas

Die Dordtse Leerreëls (DL) gee die Bybelse leer oor 'n paar moeilike punte van die geloof pragtig weer. Die toon is herderlik en op die man af. Dit is nie teologiese stellings nie, maar dit beskryf God se werk en die mens se werk op 'n baie mooi manier. Hoe werk die bekering en die wedergeboorte nou eintlik? Hoe eien 'n mens homself die heil toe wat God in die evangelie aanbied? Hoe bly 'n mens glo?

Die mooie is dat die DL nie die mens verlaag tot 'n passiewe wese sonder eie wil wat soos 'n robot moet wag en self niks mag en kan doen nie. Maar terselfdertyd doen die DL geen afbreek aan God se almag nie. Hy voer sy heilsplan uit soos Hy wil en soos Hy dit in ewigheid besluit het. Dit is ook vir vandag belangrik om 'n goeie sig daarop te hê. Wie hier verkeerd kies, verloor die sig op God se genade en sien nie meer hoe God se genade ons tot werke laat oorgaan nie.

As ons nie raaksien dat God se keuse vir sy volk altyd aan ons keuse voorafgaan nie, dan maak ons al gou verkeerde gevolgtrekkings.

Verbond

Die verbond kan vergelyk word met 'n gesin, en dit kan ook iets verduidelik oor die verhouding tussen God se wil en ons wil. As ouers kinders kry, kan die kinders nie sê: ek het self my ouers uitgekies nie. Maar deur die liefde en aandag wat hulle van hul ouers kry, kan hulle wel daarvoor kies om gehoorsame kinders te wees. As 'n baba kon ons nog nie ons ouers liefhê nie, maar deur die liefde en aandag wat ons van ons ouers gekry het, leer ons om liefde en aandag vir ons ouers te hê.

Dit is ook hoe dit werk tussen God en die volk waarmee Hy 'n verbond gesluit het. God het in sy liefde vir ons gekies en gee intensiewe aandag aan ons. Juis daardeur wek Hy liefde en aandag vir Hom

Die kerk sing haar lied in al hoër toon: Kersfees – God met ons; Paasfees – God vir ons; Pinkster – God in ons

in ons op. Of soos teoloë dit sou sê: die verbond is in sy ontstaan *eensydig* (van een kant), maar in sy voortbestaan *tweesydig* (van twee kante). God se liefde kom op ons af deur Woord en Gees, sodat ons ons antwoord kan gee uit liefde vir Hom.

Kies God vir ons of kies ons vir Hom?

As u die bostaande goed gelees het, bevat die opskrif van hierdie onderdeel 'n verkeerde teenstelling. Dis nie of-of nie, maar en-en. Uit die Bybel word duidelik dat God eers vir ons gekies het. Hy neem die inisiatief. Maar dan moet daar wel 'n antwoord kom. Ons moet vir Hom begin kies. In Lukas 10:41 en 42 sê die Here Jesus vir Marta: *'Martha, Martha, jy is besorg en verontrus oor baie dinge, maar een ding is nodig; en Maria het die goeie deel uitgekies wat van haar nie weggeneem sal word nie.'* Jesus sê dan nie met soveel woorde dat Maria die keuse net kon maak omdat God deur die prediking en die tekens van Jesus Christus haar tot 'n keuse opgeroep het en sy deur die krag van die Heilige Gees tot 'n keuse kon kom nie, maar dit is wel hoe dit is. Deur God se genade kon sy die keuse maak, ook al word dit nie met soveel woorde daar gesê nie.

Sy keuse is blywend van dieselfde gehalte, maar nie ons s'n nie. Daarom het ons Hom nodig om by ons keuse te bly.

So het dit gereeld in die Bybel gebeur. As ons nie raaksien dat God se keuse vir sy volk altyd aan ons keuse voorafgaan nie, dan maak ons al gou verkeerde gevolgtrekkings.

In Deut. 30:19,20 praat God met sy volk wat Hy uit Egipte verlos het: *'Ek neem vandag die hemel en die aarde as getuies teen julle; die lewe en die dood, die seën en die vloek het ek jou voorgehou. Kies dan die lewe, dat jy kan lewe, jy en jou nageslag, deur die Here jou God lief te hê, na sy stem te luister en Hom aan te hang; want dit is jou lewe en die lengte van jou dae, sodat jy kan woon*

in die land wat die Here aan jou vaders Abraham, Isak en Jakob met 'n eed beloof het om dit aan hulle te gee.'

Uit die bewoording wat Moses kies blyk selfs dat dit moeite kos om vir die Here te kies en by die keuse te bly.

In Josua 24:14 en 15 staan: *'Vrees dan nou die Here en dien Hom in opregtheid en waarheid en verwyder die gode wat julle vaders gedien het oorkant die Eufraat en in Egipte, en dien die Here. Maar as dit verkeerd is in julle oë om die Here te dien, kies dan vir julle vandag wie julle wil dien: òf die gode wat julle vaders daar oorkant die Eufraat gedien het, òf die gode van die Amoriëte in wie se land jul woon; maar ek en my huis, ons sal die Here dien.'*

Dat die HERE eers vir Abraham en sy volk gekies het, staan ook hier op die agtergrond. Hy het daardie volk op 'n besonder manier gemaak, deur twee keer 'n onvrugbare vrou (Sara en Rebekka) 'n nageslag te gee. Hy het Abraham al laat weet dat Hy die volk uit Egipte sou gaan haal, waar hulle verdruk sou word (Gen. 15:13-16). Sy plan het lankal vasgestaan maar tog stel Hy die volk telkens voor die keuse: Julle moet vir my bly kies.

God gee ons sy liefde en wil elke dag liefde terughê. Hy is soos 'n man wat elke dag in liefde vir sy vrou kies, maar wat dan ook as antwoord liefde van sy vrou terug verwag. God se liefde is volmaak - ons liefde is onvolmaak. Sy keuse is blywend van dieselfde gehalte, maar nie ons s'n nie. Daarom het ons Hom nodig om by ons keuse te bly.

God se Woord

God se Woord kom dus altyd na ons toe met 'n oproep tot geloof en bekering (Mark. 1 :15). So sal ons dit altyd moet lees, oordink en moet aanhoor. God stel ons telkens voor die keuse: toets u lewe; leef vir God; bedink die dinge wat bo is; versamel vir u 'n skat in die hemel. Dit is hoe ons na God se Woord behoort te luister, na die stem van die lewende God. Dan het ons geleer hoe groot en grondliggend vir ons heil God se keuse vir ons is, en hoe afhanklik ons van Hom is vir ons keuse vir Hom. Maar dan moet ons nie minagtend oor ons

I had rather stand against the canons of the wicked than against the prayers of the righteous

- T Lye

keuse dink, asof dit nie belangrik is nie. Want dit is God se genadewerk in ons as ons vir Hom kies. Dan raak die Sondag se erediens, die huisgodsdien, die stiltetyd, die Bybelkringbyeenkoms en die katkisasie die werkplek van die Heilige Gees deur die Woord. Dan leer ons kies deur sy krag.

Hoe dit in die DL opgeteken staan

Kom ons kyk hoe staan dit in die DL. Ek gebruik die bewoording van die Psalmboek:

DL 1,7

'Hierdie verkiesing is 'n onveranderlike voorneme van God.'

'Hy het hulle, uit volkome vrye welbehae van sy wil en uit louter genade, tot die saligheid in Christus uitverkies.'

'So het Hy ook besluit om die uitverkorenes aan Christus te gee om hulle salig te maak. Deur Sy Woord en Gees roep en trek God die uitverkorenes kragdadiglik tot gemeenskap met Hom. Hy het dus besluit om aan die uitverkorenes die ware geloof in Christus te gee, hulle te regverdig en te heilig en om hulle, wat kragtig in die gemeenskap van sy Seun bewaar is, uiteindelik as bewys van sy barmhartigheid en tot lof van sy oorvloedige en heerlike genade te verheerlik.'

III/IV, 11

'Wanneer God sy welbehae in die uitverkorenes tot uitvoering bring en die ware bekering in hulle werk, laat Hy die evangelie nie net uiterlik aan hulle verkondig nie. Hy verlig ook nie net hulle verstand kragtig deur die Heilige Gees, om die dinge van die Gees van God reg te verstaan en te onderskei nie. Maar deur die kragtige werking van dieselfde Gees, wat die wedergeboorte skenk, dring Hy ook deur tot in die binneste dele van die mens, open Hy die geslote hart, versag Hy wat hard is, en besny Hy wat onbesnede is. In die wil stort Hy nuwe eienskappe in en maak die wil, wat dood was, lewend; wat sleg was, goed; wat onwillig was, gewillig en wat ongehoorsaam was,

gehoorsaam. Hy beweeg en versterk die wil sodat dit, soos 'n goeie boom, vrugte van goeie werke kan dra.'

III/IV, 12

'Dan word die wil, wat nou vernuwe is, nie alleen deur God gedryf en beweeg nie, maar omdat dit deur God gedryf word, werk dit ook self. Daarom word ook tereg gesê dat die mens, deur die genade wat hy ontvang het, glo en hom bekeer.'

III/IV, 16

'Daarom werk hierdie Goddelike genade van die wedergeboorte nie in die mense asof hulle stokke en blokke is nie; ook vernietig dit nie die wil en sy eienskappe nie en dwing dit nie met geweld teen sy sin nie. Die genade maak die wil geestelik lewend, genees, verbeter en buig dit tegelykertyd lieflik en kragtig. Terwyl sondige opstandigheid en verset dit vroeër volkome oorheers het, begin 'n gewillige en opregte gehoorsaamheid aan die Gees nou die oorhand daarvoor kry. Hierin lê die ware en geestelike vernuwning en die vryheid van ons wil.'

V, 14

'Dit het God behaag om sy genadewerk deur middel van die verkondiging van die evangelie in ons te begin. So bewaar Hy dit, sit Hy dit voort en voleindig Hy dit deur die aanhoor, die lees en die oordenking van die evangelie, deur die aansporing, vermanings en beloftes daarin en ook deur die gebruik van die heilige sakramente.'

Christene moet in die politiek betrokke raak juis omdat hulle 'n geloofsoortuiging het. In die naam van die Here moet die hongeriges gevoed word en moet geregtigheid gesoek word.

- Johan D Tangelder